

**Dinsdag 11 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 21:23-27 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Matteus 21:23-25**

**Met watter gesag, Jesus? Met God se gesag!**

Die vraag oor Jesus se gesag (vgl. ook Mark. 11:2-33) het verset van die Joodse Raad ontlok (vs 18). Die Raad (Fariseërs) wou by Jesus weet waar Hy sy gesag vandaan kry om op te tree soos Hy in die tempel gedoen het toe Hy die handelaars uitgejaag het om die diens in die tempel te beëindig. Hulle wou weet wie Hom die reg gegee het om dit te doen. As Jesus sou antwoord dat dit van God kom, sou hulle Hom van godslastering beskuldig.

Die geleerdes van daardie tyd het die reg gehad om 'n wedervraag te stel aan iemand wat aan hulle 'n vraag stel en om eers te antwoord as die vrae-steller sy vraag beantwoord het. Dit doen Jesus nou. Daardeur het Hy egter hulle duister motiewe ontmasker. Hy het hulle motiewe nie vertrou nie, aange-sien hulle 'n verborge agenda gehad het. Hulle wou nie regtig 'n antwoord van Hom hê nie, hulle wou Hom in 'n lokval lei.

Jesus het duidelik aangetoon dat die Fariseërs die waarheid net wou gebruik as dit tot hulle eie voordeel is. Daarom het Hy eers 'n vraag aan hulle gestel, en wou Hy weet waar die doop van Johannes vandaan kom. Jesus wou weet of Johannes se doop sy oorsprong by *God* of by *mense* gehad het. Hulle het hierdie vraag ontwyk deur te antwoord dat hulle nie *weet* nie.

Onuitgesproke was dit vir die aanwesiges duidelik: God het aan Jesus die gesag gegee.

*Sing: Skrifberyming 20-1:3, 5, 6*

*Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)*